higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VOLHOUBARE TOERISME IN SUID-AFRIKA EN STREEKSREISE

NKR VLAK 3

(11011063)

10 Desember 2020 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 1 addendum.

524Q1N2010

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verwys na die ADDENDUM, die kaart van Afrika, en beantwoord die volgende vrae.

Noem die lande of Indiese Oseaan-eilande genommer (1–9). Skryf slegs die korrekte antwoord langs die vraagnommer (1–9) in die ANTWOORDBOEK neer. (9)

1.2 Noem DRIE besienswaardighede wat in elk van die lande genommer 2, 4 en 6 aangetref word. (3 × 3) (9)

1.3 Watter oseaan word aan die ooskus van Suider-Afrika aangetref? (2)

1.4 As watter tipe bestemming sal jy elk van die volgende lande beskryf? Skryf slegs die korrekte antwoord langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Botswana

1.4.2 Namibië

1.4.3 Seychelle

1.4.4 Tanzanië

1.4.5 Kenia

(5 × 2) (10)
[30]

VRAAG 2

2.1 Noem die lande waarin die volgende besienswaardighede geleë is:

2.1.1 Gorongosa Nasionale Park

2.1.2 Pamplemousse Botaniese Tuin

2.1.3 Serengeti Nasionale Park

2.1.4 Tsavo Nasionale Park

2.1.5 Maputo Olifantpark

2.1.6 Koningin se Paleis en Koninklike Dorp

2.1.7 Ngorongoro Bewaringsgebied

2.1.8 Masai Mara Nasionale Park

2.1.9 Berg Kilimandjaro

2.1.10 Nasionale Museum, Victoria

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

2.2 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Jy werk as 'n reisagent by Ngileyo Tours and Transfers. Die onderneming lewer 'n diens aan alle tipes toeriste. Een van jou mees gewaardeerde kliënte, Francis, is 'n Duitse toeris wat Suid-Afrika op 10 Desember 2020 gaan besoek. Terwyl sy in Suid-Afrika is, wil sy 'n uitstappie na 'n Christelike plek van aanbidding onderneem.

2.2.1 Noem VYF tipes toeriste aan wie Ngileyo Tours and Transfers dienste kan lewer. (5)

2.2.2 Beskryf elke toeristipe wat in vraag 2.2.1 genoem word. (5)

2.2.3 Verduidelik aan Francis hoe die weer in Suid-Afrika sal wees. (2)

2.2.4 Noem VYF faktore wat jy as 'n reisagent in gedagte behoort te hou wanneer jy 'n uitstappie vir Francis beplan. (5)

2.2.5 Beskryf kortliks die rol van 'n reisagent. (3)
[30]

VRAAG 3

3.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM A om by 'n bestemming in KOLOM B te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Spier Somerfees	A	Durban
3.1.2	Internasionale Jazzfees	B	Johannesburg
3.1.3	Reis-indaba	C	Bloemfontein
3.1.4	FNB Danssambreel	D	Stellenbosch
3.1.5	Mcufe Fees	E	Kaapstad
		F	Phalaborwa
		G	Kimberley

(5 × 2) (10)

3.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.2.1 ’n ... is ’n heilige plek waar Hindoes bymekaarkom om te aanbid.

3.2.2 Die sing van die volkslied is ’n voorbeeld van ... erfenis.

3.2.3 ’n ... is ’n prikkelende voorwerp wat as ’n herinnering aan ’n besienswaardigheid gekoop word.

3.2.4 ’n ... is ’n kort reis of ekskursie.

3.2.5 San-rotstekeninge word met ... erfenis geassosieer. (5)

3.3 Met watter godsdienstige groepe assosieer jy voedsel wat geklassifiseer word as

3.3.1 halaal

3.3.2 kosjer

(2 + 2) (4)

3.4 Gee TWEE voorbeelde van gepaste gedrag wat toeriste behoort te openbaar wanneer elk van die volgende plekke van aanbidding besoek word.

3.4.1 ’n Moskee

3.4.2 ’n Kerk

(2 + 2) (4)

3.5 Noem VYF voorbeelde van basiese inligting waaroor ’n toeris moet beskik wanneer hy/sy beplan om na ’n vakansiebestemming te reis. (5)

3.6 Gee TWEE redes waarom ’n reisagent die reisplanne van ’n toergroep sal verander. (2)

[30]

VRAAG 4

4.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1.1 Natuurlike hulpbronne sluit in paaie, geboue en naamborde.

4.1.2 NRO’s bevoordeel plaaslike inwoners deur vaardigheidsopleiding te verskaf.

4.1.3 Finansieringsagentskappe is ook bewaarplekke (plekke waarin dinge geberg word) vir erfenis.

4.1.4 NRO verwys na ’n nieregeringsorganisasie.

4.1.5 Erfenisdag word jaarliks op 16 Junie in Suid-Afrika gevier.

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

4.2 Gee DRIE voorbeelde van natuurlike Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika. (3)

4.3 Gee TWEE voorbeelde van kulturele Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika. (2)

4.4 Suid-Afrika se erfenis is onderhewig aan verskillende invloede.

Noem VYF eksterne kragte wat ons Suid-Afrikaanse erfenis kan beïnvloed. (5)

4.5 Die tabel hier onder verskaf algemene inligting oor verskillende Afrikalande.

Verstrek die inligting genommer 4.5.1–4.5.15 wat uitgelaat is. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.5.1–4.5.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

LAND	HOOFSTAD	GELDEENHEID	INTERNASIONALE LUGHAWE
Zimbabwe	4.5.1	4.5.2	4.5.3
4.5.4	4.5.5	4.5.6	Windhoek Internasionale Lughawe
4.5.7	Maputo	4.5.8	4.5.9
4.5.10	4.5.11	Pula	4.5.12
4.5.13	4.5.14	4.5.15	Dar es Salaam Internasionale Lughawe

(15)
[30]

VRAAG 5

5.1 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

NTHATENG BED-EN-ONTBYT

Nthateng is 'n Sotho-naam wat 'Wees lief vir my' beteken. Soos die naam suggereer, is gaste bestem om op hierdie Bed-en-Ontbyt verlief te raak. Gaste kan volkome privaatheid, warmte en gasvryheid van die huis geniet.

Ons is geleë net langs die ou huise van Nelson Mandela en Desmond Tutu, Winnie Madikizela-Mandela se herehuis, en die Hector Peterson-gedenkteken en kunsgalery. Ons kweek ons eie voedsel met behulp van Soweto-gemeenskapslede deur van 'n vertikale kweekhuisstelsel gebruik te maak. Ons herwin ook al ons afvalprodukte as kompos. In vennootskap met die Britse regering het vroue in die Soweto-gemeenskap vrugtetuine gevestig, waarvandaan ons ons voorrade kry. Ons moedig entrepreneurskappe in en naby ons gemeenskap aan.

[Bron: Aangepas uit *www.google.co.za*]

5.1.1 Jy is die toesighouer van Nthateng B&B.



Noem VIER praktyke wat jy in werking sal stel om te verseker dat die B&B volhoubaarheid beoefen.

(Enige VIER aanvaarbare antwoorde) (4 × 2) (8)

5.1.2 Noem DRIE belanghebbendes wat in die scenario genoem word. (3)

5.2 Bespreek VIER rolle wat gemeenskappe in die toerismebedryf kan speel.

(4 × 2) (8)

5.3 Noem DRIE tipes hulpbronne wat noodsaaklik vir toerisme is. (3)

5.4 Gee 'n kort definisie vir elk van die volgende:

5.4.1 Volhoubare ontwikkeling

5.4.2 Bewaring

5.4.3 Ekotoerisme 

5.4.4 Toerismeproduk

(4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 6

6.1 Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

private goedere; gratis hulpbronne; bruto binnelandse produk; Witskrif; skaars hulpbronne; natuurlike hulpbronne; openbare goedere; belanghebbendes; argeologie; kapasiteitsontwikkeling

6.1.1 Mense of groepe wat in iets belangstel

6.1.2 Totale waarde van finale goedere en dienste wat gedurende 'n bepaalde tydperk binne die grense van die land geproduseer word

6.1.3 Geformuleerde strategie en aksieplanne vir volhoubare toerisme in Suid-Afrika

6.1.4 Dit sluit water, grond, plante- en dierelewe in

6.1.5 Gebruikers/Verbruikers moet dikwels vir hierdie hulpbron betaal

6.1.6 Kan teen geringe of geen koste nie gebruik word

6.1.7 Studie van menslike geskiedenis en voorgeskiedenis deur middel van uitgrawingsterreine

6.1.8 Toeriste betaal 'n spesifieke prys om die voordele van die produk te geniet

6.1.9 Materiaal wat nie volop is nie. Slegs 'n beperkte hoeveelheid is beskikbaar

6.1.10 Sosiale strategie wat vaardigheidsopleiding en bemagtiging van gewoonlik benadeelde groepe mense insluit (10 × 1) (10)

6.2 Verskillende belanghebbendes speel 'n belangrike rol in die toerismebedryf.

6.2.1 Noem VIER belanghebbendes in die toerismebedryf behalwe die publiek en private sektor. (4)

6.2.2 Noem EEN funksie van elk van die belanghebbendes wat in VRAAG 6.2.1 genoem word. (4 × 2) (8)

6.3 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

> Die Kaapstadse Stadsraad het 'n erfenisbeskermingsone goedgekeur vir die stad se oudste bestaande residensiële woonbuurt, die Bo-Kaap. Die stad het hom amptelik daatoe verbind om die unieke historiese landskap en lewenswyse van die Bo-Kaap te bewaar deur ontwikkeling op 'n volhoubare en deurdagte manier te bestuur.
>
> [Bron: Aangepas uit www.google.co.za]

6.3.1 Noem TWEE pilare van volhoubare ontwikkeling. (2)

6.3.2 Watter tipe erfenis verteenwoordig die Bo-Kaap? (1)

6.3.3 Verstrek 'n rede vir jou antwoord in 6.3.2. (1)

6.3.4 Stel TWEE maniere voor waarop ons mekaar se erfenis in Suid-Afrika kan leer verstaan. (2 × 2) (4)

[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM



Kopiereg voorbehou